# HOOFSTUK X.

## DIE INRIGTING VAN DIE ONDERWYS.

(a) Die bepaling van die begrip.

"The aim of this essay is to develop, in outline a theory of education"[1]

In die daarstelling van 'n opvoedkundige teorie, is plan, stelsel van organisasie vir die verwesenliking van die opvoedingsdoel, die verbandhoudende wysgerige beskouinge en die toepassing van die inhoud, besonder belangrike vereistes. Alle hoë ideale, die besteding van geld, tyd en kragte, baat niks as dit nie in die praktyk omgeskep kan word nie. Vir die praktiese uitvoering daarvan is georganiseerde instellinge en werkkragte 'n belangrike en noodsaaklike onderdeel van die opvoedingsideaal. Hierdie instellinge en werkkragte kan ook nie op losse voet aangaan nie. Om voortgang en vooruitgang in die hand te werk, moet alles volgens 'n vaste stelsel en organisasie geskied.

In verband met die vereiste vir 'n samestellende opvoedkundige beginsel, druk Adamson hom as volg uit: "What we want is a conception which will embrace the details, aspects and stages of education"[2] Vir Adamson se mens moet sy opvoedkundige teorie dan bepaal deur watter besondere omstandighede hy sy bestemmingsoord moet bereik, hoe sy opgevoede daar moet uitsien en watter raamwerk die opvoeding vir die verskillende ontwikkelingsstadia moet beplan. Hy besluit dan: "This essay is based on the view that we can find it in adjustment".[3] Die inrigting van sy onderwys sal dus aan die eise van sy aanpassingsgedagte moet voldoen.Die instellinge wat hy vir die verskillende ontwikkelingsstadia van die kind nodig ag is: Die huis, as die invloedsfeer van die voorskoolse

---

1) The Individual & the Environment, J.E.Adamson., bls.1
2) Ibid., bls.1.
3) Ibid., bls.1.

jare; die kerk as die bron van sedelike inspirasie; die skool as die formele bemiddelaar van aanpassing; die staat as die organiseerder en finansier van die skoolwese en gemeenskaps-organisasies om skoolse- en na-skoolse aanpassing verder uit te brei.

1. Die huis as invloedsfeer.[4)]

In die voorskoolse jare het die kind reeds ervaring in die ouerhuis en eie omgewing opgedoen. Deur vertelling, mededeling, eie aktiwiteit en weetgierigheid het die natuur 'n vorm begin aanneem. Die breë kenmerke van hierdie aanpassing is hoofsaaklik van 'n drieledige aard.

(i) Sy ervaring het vir hom die wêreld in ruimte georden. 'n Sekere mate van organisasie omtrent afstand en rigting het plaasgevind. Hy weet bv. van op en af, links en regs, naby en ver, ens.

(ii) Verder kan ons aanneem dat die wêreld as 'n wêreld van dinge met hul kenmerke vir hom bestaan.

(iii) Hierdie geordende wêreld van dinge het hy ook tot 'n mate van samehang, deur reaksie-verhoudings, sien groei.

Deur hierdie informele beïnvloeding het die kind dan reeds deur die huis en sy kinderomgewing ervaring ondergaan en dit vorm dan ook die gegewens waarmee die skool sy aanpassings ontwikkeling moet begin. Die sterkste van hierdie invloede is ongetwyfeld die van die natuur en derhalwe bepaal Adamson dat die aanvangsonderwys sy sterkste aanknopingspunt daarin moet vind. Alle ander vakke en middels moet as handlangers van die vroeë natuuropleiding dien.

In die omgang met ouers, kinders, diere en dinge het die kind ook reeds kennis gemaak met die sosiale lewe. Die kind kom nie slegs na die skool met 'n uitrusting van aangebore neigings waarvan sommige uit die aard van die mens van 'n sosiale strekking is nie, maar ook met 'n uitrusting van sosiale ervaring wat hy as lid van 'n familie opgedoen het.

---

4) Ibid., bls. 328 - 329.

Die waarde van die gesinslewe lê in die aard van die ervaring wat dit verskaf. Die gedrag behoort in die vroegste lewensjare van die kind deur liefde en simpatie uitgebou te word. Redelike prosedures is op die stadium minder gewens. Maar dit is ook die rede waarom die skool op die huis-opvoeding moet volg. As die sosiale en sedelike kontinue totkrag en samehang moet groei, is die atmosfeer en omgewing van 'n skool onmisbaar. Die skoollewe is op die beginsel van ooreenkoms gebou terwyl die huislike lewe van die beginsel van verskil uitgaan en in die lewe is dit noodsaaklik dat die kind die betekenis van hierdie twee opvattings van die menslike verhoudings sal verstaan. "The school needs the family as the seed-bed, and the family needs the school as the open plantation where the boy or girl is hardened by the open air and bluster of life."[5] So is die skool dan die uitbreiding van die huisgesin en 'n miniatuur van die sosiale lewe.

2. <u>Die kerk as invloedsfeer</u>.

Die godsdiens raak een van die mens se sterkste sentimente. Geluk in hierdie lewe en welgeluksaligheid in die hiernamaals is sterker faktore as die skrik van die valbyl en die brandstapel. Adamson voel dan ook dat dit 'n verkeerde beginsel is om die sentiment van godsdiens aan nasionale en politieke gebruike vas te koppel. "The proper sphere of the churches is the sphere of humanity just because that sphere is the apotheosis of the nation and the state."[6] Die sedelike taak van die godsdiens lê in die suiwering van nasionale ideale sodat dit kan afstuur op die hoër ideale van 'n sedelike mensdom. Dit moet verdeeldheid en onverdraagsaamheid omskep tot 'n gemeenskaplike doel en bestemming, wat moet lei na 'n bond van nasies. Dwarsdeur die christelike tydperk het die

---

5) Ibid., bls. 329.
6) Ibid., bls.185.

kerke direk en indirek die grootste bydrae tot die opvoeding en die verligting van die mensdom gelewer. Dis 'n tradisie wat vandag nog gehandhaaf word. "Thus, directly and indirectly, in early days and later days, the power of religion and religious organisations helped to lay the educational foundations of to-day."[7] Deur die invloed van die kerk het die mens en sy werk waarde gekry. Deur sy opvoedkundige werk het hy die mens voorberei vir verantwoordelike deelname aan die gemeenskap - die wêreld van die beskawing. Waar die kerk dan in die begin ook verantwoordelikheid vir direkte wêreldlike opvoeding aanvaar het, is die taak nou aan die skool oorgedra, terwyl die kerk nog die nodige beïnvloeding handhaaf. Hierdie invloed strek ook tot die ryk van die sedelike "All adjustment is religious."[8]

3. Die skool as formele aanpassingsfaktor.

Die skool, as 'n selfstandig-daartoe-ingerigte instelling om die kind in sy opleiding, ontwikkeling en aanpassing formeel te rugsteun, neem die verantwoordelikheid van die huisgesin oor. Vir Adamson is die skool die instelling wat die kind in sy aanpassing tot sy drie ordes van werklikheid nl. die natuur, die kultuur en die sedelike moet lei. In hierdie proses tree die skool direk op en handhaaf sodanig 'n opsetlike, formele opvoedkundige funksie. Die taak wat Adamson aan die skool opdra kom duidelik uit in die doel van sy opvoeding, nl. aanpassing tussen die indiwidu en sy omgewing, en hierdie aanpassing geskied op grond van die verwesenliking van lewenswaardes. Die skool moet hierdie drie faktore as volg sien:[9]

(i) Die indiwidu: Die mens bestaan eintlik uit twee afmetings: Hy is eerstens biologies van aard en onder die invloed van die laere neigings en luste. In die

---

7) Ibid., bls. 371.
8) Externals & Essentials, J.E.Adamson, bls. 101.
9) Ibid., bls. 88.

tweede plek is hy ook 'n hoër wese wat die vermoë besit om die laere in hom te oorwin, sodat die ideale daaroor kan heers.

(ii) Die omgewing.[10] Die mens is eintlik die erfgenaam van 'n tweeledige omgewing: daar is die wonderlike heelal van die natuur, sowel as die mens-gemaakte sosiale gemeenskap. Deur hierdie twee ontstaan nog die sedelike deur persoonlike skepping.

(iii) Lewenswaardes.[11] Die interaksie tussen die mens en sy omgewing gaan gepaard met waardekenning. Alles wat ons doen dra 'n potensiële ligtrans of estetiese aanvoeling. Hierdie waardekennende vermoë moet ontwikkel word sodat dit ons doen en late in elke opsig sal vergesel. Dit is dus gewens dat dit aansteeklik sowel as dinamies en vlietend sal werk. Daar moet m.a.w. aantrekkingskrag en daadkragtigheid wees in die wenkende ideale wat ons nastreef.

Waar hy opvoeding dan as die vervolmaking van die lewe sien, sal die skool hierdie ideaal binne-in die praktiese lewe moet nastreef. "If our schools are to mediate it they must shed their seclusion and link up with the forces and problems, the hopes and aspirations which are pulsing around them today..... Schools are too often cut out of their context of social evolution."[12] Hierdie sosiale vesels van 'n skool moet die lokale, sosiale en menslike in sy werklike toestand openbaar. Dis 'n orgaan van waardes sowel as van aanpassing. Die studievakke moet geen doel op sigself wees nie. Hulle is die vensters waardeur die lig van die omgewing stroom. Alles wat geleer word moet verband hou met die huidige, want die ware doel van die skool is lewe, bestaan en nie leer nie. 'n Goedgebalanseerde middelbare leerplan behoort soos vier vensters in 'n toring te wees. Wetenskap vir die natuur-orde, geskiedenis vir die beskawings-orde, letterkunde om hul sedelike en estetiese implikasies te waardeer en godsdiens om hul almal te oordek. Opvoeding is vir ons soos dit vir Plato was, 'n lewenslange proses. Die skool

---

10) Ibid., bls. 90.
11) Ibid., bls. 92.
12) Ibid., bls. 101.

moet die lewe in sy volle voortduring sien. Volwasse opvoeding, of dit deur vakansie kursusse, die radio, die rolprent of biblioteke geskied, moet op die skoolopvoeding voortbou. "It must give to all vision and the sense of values".[13]

4. <u>Die staat.</u>[14]

Die staat is die raamwerk van die maatskappy. Die wette van 'n land vind sy herkoms in die verlede en put sy ideale uit ambisies vir 'n toekoms. Sy ekonomiese toestand voorsien die lewensbloed en nasionaliteit verskaf sy siel of gees. In die aanpassingsproses moet die skool hierdie staatsvereistes ontrafel en die burger so lei en vorm dat hy nuttig, ordeliewend en sedelik is. Derhalwe het die staat besondere belang by die skoolwese en die opvoeding van sy onderdane, en voorsien en finansier hy gewilliglik die nodige onderwysinstellinge. In aanvulling hiervan verwelkom die staat die daarstelling van opvoedkundige gemeenskaps-organisasies om skoolse- en na-skoolse aanpassing verder uit te brei en aan te help. Die opvoedkundige taak en funksie van die staat is derhalwe een van organisasie, beheer en finansies.

(b) <u>Die algemene Administratiewe Organisasie van die Onderwys</u>.[15]

1. Die sentrale beheer van die provinsiale skoolwese word behartig deur 'n wetgewende Provinsiale Raad, 'n Administrateur en 'n Uitvoerende Komitee. Hierdie sentrale liggaam word verder bygestaan deur Beherende Liggame, Skoolrade en Skoolkomitees, en die taak en funksie van hierdie liggame word deur die sentrale outoriteit vasgelê.

Vir die administrasie van die skoolwese is 'n Onderwysdepartement in die lewe geroep met 'n Direkteur, 'n Sekretaris, 'n veld personeel van onderwysinspekteurs en die nodige

---

13) Ibid., bls. 103.
14) The Individual & the Environment, J.E.Adamson, bls.167.
15) Jaarverslae 1905 - 1923.

klerikale amptenare. Die onderwys-inrigtings self is weer verdeel in instellinge vir laer onderwys, middelbare onderwys, normaalkolleges vir die opleiding van leerkragte en naturelle onderwys-inrigtinge. Verder ag Adamson nog die volgende inrigtings nodig:[16)]

Handelskole wat vir 'n tegnies indùstriële loopbaan voorsiening moet maak.

Handelskole wat tegniese handelsopleiding moet verskaf.

Die skoolplaas wat landboukundige bekwaamheid moet bevorder.

Elke skool staan onder die toesig van 'n skoolhoof wat bygestaan word deur 'n skoolpersoneel. Verder is daar voorsiening gemaak vir mediese behandeling van skoolkinders wat deur 'n Hoofgesondheids-beampte, 'n tegniese staf en 'n sisteem van skoolklinieke behartig word. Die Departement beskik oor die nodige tegniese en administratiewe afdelings.

2. Die onderwys-uitgawes word gedek deur inkomstes wat verkry word deur 'n sisteem van direkte en indirekte belastings as mede 'n pro rata bydrae, bereken op die gemiddelde skoolbesoek, deur die Uniale regering. Deur 'n sisteem van losies-, merite- en transportbeurse word behoeftige leerlinge in staat gestel om die voorregte van onderwys te geniet.

3. Die voorsiening van skoolgeriewe berus op die behoefte van die spesifieke omgewing. Indien 'n skool in 'n sekere omgewing nodig is, doen die betrokke gemeenskap daarvoor aansoek deur die plaaslike Skoolraad, wat dit dan met sy aanbevelings aan die Onderwysdepartement deurstuur. Die beleid van sentralisasie het veel daartoe bygedra om die aantal kleinere eenhede te verminder.

(c) <u>Adamson en die organisasie van die Onderwysstelsel</u>.[17)]

Onder hierdie hoof bespreek ons kortliks Adamson se

---

16) The Individual & the Environment, J.E.Adamson, bls. 254.
17) Ibid., bls. 67.

inrigting van die omgewing om sy nagestrewe opvoedingsdoel deur die onderwysproses te verwesenlik.

In die aanpassingsproses sal die mens hom eers aan die natuur, dan aan die beskawings- en eindelik aan die sedelike orde, deur middel van leerstof, met behulp van onderwysinstellings en opvoeders, aanpas.

1. <u>Die organisasie van die natuur-orde</u>.

In die laerskool moet die kind die natuurlike gegewens self prakties ondersoek. Ervaring moet hier deur die wisselwerking tussen subjek en objek verkry en aangevul word. Die vroegste ervaringsveld van die kind is die natuur waar die instink van weetgierigheid en die emosie van bewondering hom outomaties tot ondersoek van die natuuromgewing aanspoor. Hierdie geestelike eenheid van die ego en sy wêreld in die ervaring is die fundamentele gegewe wat die teorie van opvoeding van 'n uitgangspunt voorsien, want deur die ervaring word die mens en sy omgewing tot 'n eenheid saamgevleg. Elke mens ervaar hierdie eenheid egter op 'n eie, persoonlike en unieke manier en derhalwe is die aanvoeling van geen twee mense eners nie. Waar kinders in klasse gegroepeer is, skakel almal hul tot die objektiewe universele waarheid in en voorsien dit van 'n eie stempel op grond van sy persoonlike uniekheid. Weëns die wye omvang van die aangebore aanlegsrigtings van die mens moet die skool vir uitgebreide stofaanbieding voorsiening maak, sodat elkeen sy eie aanlegsrigting deur aanpassing aan die ideale van skoonheid en waarheid kan bepaal. Die skool, met sy formele en gereguleerde bemoeiing, sal dus heel outomaties in die spore van die informele ervaring van die kinderlewe instap om die ervaringsstroom verder uit te bou. Waar die natuur op informele wyse tot die kind as 'n organiese geheel gespreek

het, sal die indeling van die leerstof ook aan hierdie vereiste moet voldoen. Derhalwe moet die skool se stofaanbieding so georganiseer word dat die natuur as 'n geheel tot die kind deur sy fisiese meganisme, sy gemiese samestelling en sy organiese ewolusie spreek. Natuurkennis, aardrykskunde en natuurwetenskap is die bril waardeur die kind die natuur in die proses van aanpassing bekyk. Alle ander skoolvakke, soos die instrumente, leeswerk, tekene, rekene, handwerk, liggaamsoefening, sang en musiek, is slegs vergrootglase om die fynere besonderhede van die natuur mee uit te ken.

2. Die organisasie van die beskawingsorde.[18)]

Hierdie geestelike, plastiese, opgarende mensgemaakte kultuurorde het reeds sy stempel op die kind afgedruk in die ondersoek van die natuurwêreld met sy wette en maatstawwe. Om hierdie indirekte deurskemering nou verder deur ontdekking te leer ken, is 'n direkte studie van sy vernaamste vesels nodig. By die organisering van ons leerplan moet daar dus voor gesorg word dat die drade van die beskawings-orde net so objektief voelbaar as die meganiese, gemiese en biologiese bande van die natuur-orde is. Dis die orde wat deur politieke, nasionale, ekonomiese en godsdienstige vesels in stand gehou word. Die belangrikheid van beroepsaanpassing en hoe taal en letterkunde sosiale aanpassing bevorder sal ewe-eens as boustene van hierdie ryk ontplooi. Deur burgerkunde in die laer, en politiek in die hoër standerds, moet die kind gelei word om die raamwerk van die staats-masjienerie 'n plek in die geheel-organisasie te gun, waar 'n vorm van demokratiese selfbeskikkingsreg voorgestaan word. Deur geskiedenis sal die kind tot 'n besef gebring word van die saambindende krag

18) Ibid., bls. 167.

van nasionaliteit en patriotisme. Die mag van die godsdiens en geloof moet tot hom spreek uit die wet, orde, opvoedingslig en sege oor politieke en nasionale bande, wat dit daargestel en oorheers het, terwyl ekonomiese aangeleenthede sal spreek as die vrye lewensbloed van die sosiale gemeenskap. Taal en letterkunde is die stapelbou van kulturele rykdomme en die medium van persoonlike uiting. Adamson se opgevoede mens moet aan hierdie vesels aanpas. Die organisasie moet daartoe bydra.

3. <u>Die organisasie van die sedelike orde</u>.[19)]

Die hoogste taak van die opvoeding is om die mens ook tot sedelikheid te voer. Derhalwe moet dit die mens van 'n drang, 'n skeppingsdrang, volgens Adamson, voorsien, waardeur 'n sedelike bestaan vrywillig nagestreef sal word. Hierdie sedelike bestaan is 'n persoonlike saak. Die objektiewe natuur en kultuur dwing hul werklikheid op ons af. Die sedelike moet as 't ware gevra word om voor en in ons te verskyn. As gevolg van hierdie skaam-vlietende aard van die sedelike moet die opvoeding voorsiening maak vir die „uitnodiging" daarvan. 'n Skoon en ideale skoolomgewing, die boodskap van inspirasie in die verhewene, voorligting, voorbeeld, daad en godsdiens is almal faktore wat ons uitnodiging harteliker en aanneemliker maak, dog dit moet die gesag, die ondertekening van alle opvoedings-instellinge dra, d.w.s., die organisasie van ons opvoedings-middele, formele sowel as informele, sal nie slegs die sedelike pad van duidelike wegwysers voorsien nie, maar dit ook 'n gesogte en gewilde hoofweg na ons verlangde bestemming maak. In 'n ingewikkelde wêreld word hierdie taak al moeiliker - maar alleen hy is waarlik opgevoed wat aan sy eie wil onderdanig is omdat hy innerlike tugtiging as 'n

---

19) Ibid., bls. 299.

dwanglose ideaal verlang. "The moral law.... does not exist for the individual until he has affirmed it."[20] Dit is dus 'n proses van selfvinding waar sosialiteit, redelikheid en diens, karaktervormingsfaktore is.

(d) Die opvoedkundige perspektief van sy organisasie.

Opvoeding is 'n lewenslange proses. Die deurkom van 'n finale eksamen sluit die opvoedingsloopbaan nie af nie. Voorskoolse ervaring en aanpassing vorm die grondslag waarop die skool voortbou en sy openbare- en roepingslewe voorsien dit van sy finale stempel. Gesonde psigiese voedsel is net so onmisbaar as fisiese versorging. Hiertoe moet die hele georganiseerde samelewing met al sy instellings bydra om die indiwidu, volgens die norme van organisasie, in alle voorregte te laat deel. "We are all enrolled inevitably in the 'Real Schule', but there are endless degrees in the extent to which we profit."[21] Die onderwys self vereis dan 'n organisasie wat op aanpassing aan sy drie werklikheids-ordes sal uitloop. "What ultimately matters is what a man is and not what he knows."[22] Derhalwe sal die formele onderrig ook die basis van die beroepskundige lewe wees. Werklustigheid, kennis deur voortsettingsklasse en leeslus, kompetisie van buite, o.a. naturelle, die aanmoediging van ouers, onderwysers, die kerk en die staat, sal simpatieke inspirasiemiddels op die aanpassingsweg wees.

In die laerskool sal die onderwys sowel breed as grondig wees terwyl dit die praktiese lewens-eise en 'n latere roeping nie uit die oog moet verloor nie. Wanneer die kind uit die laerskool na die middelbare skool bevorder word, moet die aansluiting heel natuurlik geskied om 'n behoorlike verband

---

20) Ibid., bls. 304.
21) Ibid., bls. 54.
22) Jaarverslag 1906, bls. 11.

tussen die twee inrigtings te handhaaf. As 'n klein persentasie van leerlinge van middelbare onderwysfasiliteite gebruik maak, haper daar iets aan die stelsel van volksonderwys. Na die aanvangsklasse behoort elke normale kind 'n tienjarige kursus te volg, of dit nou die oog op die matrikulasie het, of op spesiale kursusse in ambagskole, handelskole, huishoudskole of skole en skoolplase. Die hoeveelheid leerstof wat vir elke jaar voorgeskryf word, moet ondergeskik wees aan die eise van deeglike aanpassing en die handhawing van 'n eie indiwidualiteit van die kind en die skool. „Evenwel is het grote doel een enkele onverdeelde eenheid te maken van wat wij niet lagere en middelbare onderwys noemen, opdat de overgang van klas tot klas, en van stadium tot stadium door geen struikelblok gehinderd zal worden en dat een groter aantal van de leerlingen aangemoedigd zullen worden de gehele kursus af te lopen."[23] Om egter met vakonderwys 'n aanvang te maak voordat die kind sy laerskoolkursus van std. V deurloop het, is 'n dwaasheid, want sy wetenskaplike fondamente sou dan te swak wees vir die tegniese aard van die vakkundige eise. „Hy moet net so goed 'n goeie burger en 'n goeie mens as 'n goeie werker wees."[24]

Wanneer Adamson dit oor beroepsaanpassing het, toon hy aan dat skoolopvoeding reeds aanvoorwerk vir die toekomstige loopbaan onder die oë moet sien, terwyl hy tog duidelik verklaar dat die skoolwese nie in soveel vakskole verander moet word nie. Die skool moet die kultuurkweekplek van die toekomstige burger bly, maar terselfdertyd weet dat 'n lewensberoep sy produk wag. Om hierdie rede sal hy die middelbare onderwys dan as volg indeel:

---

23) Christelike Skoolblad,Junie 1923,bls.9, J.E.Adamson.
24) Christelike Skoolblad,Mei 1924, bls. 7, J.E.Adamson.

1. "We may call these institutions the humanities and take them to include the church, letters, law, economics and politics.

2. "We may call this the nature group and take it to include medicine, engineering, agriculture and locomotion.

3. "We may call this group the crafts and commerce".[25]

Die eerste tipe benadruk esteties-teoretiese, die tweede natuurwetenskaplike en die derde ekonomies-praktiese vakke. In al drie die tipes sal die leerling taal, letterkunde, natuurkennis, wiskunde en geskiedenis leer, terwyl die orige leervakke op die spesifieke tipe van inrigting sal afstuur. Waar die eerste twee tipes min of meer ooreenkom met die bestaande middelbare inrigtings wat voorsiening maak vir die eindeksamen van die hoërskool en toelating tot 'n universiteit daar be-oog die derde tipe elementêre opleiding vir tegniese vakke. Dit sal bv. voorsiening maak vir vakke soos praktiese boerdery deur middel van die skoolplaas, metaal- en leerwerk, kleremakery en klerikale ambagte, soos in die gedagte van die huidige junior hoërskool beliggaam.

(e) Samevatting.

Die huis, die kerk, die skool en die staat moet saamwerk in die vorming van 'n volkome aangepaste mens. Dis hul taak om 'n goeie werker, 'n goeie burger en 'n goeie mens te kweek, wat ook sedelike en godsdienstige vorming ondergaan het. Die opgevoede mens is vir hom iemand wat 'n breë en lewenslange aanpassing vind aan sy drie wêrelde waar hy eis dat die eie indiwidualiteit dinamies op die voorgrond tree. Hierdie indiwidualisme sal egter nie onoorbrugbaar wees nie, want sy vorming en ontwikkeling moet in die sosiale gemeenskap deur 'n proses van aktiewe werksaamheid geskied. Om rekening te hou met die kind se ontwikkelingsbeginsels

---

25) The Individual & the Environment, J.E.Adamson, bls.254.

begin sy opvoeding met die bekende deur 'n studie van die natuur-orde, waarop dan volg aanpassing aan die sosiale en sedelike ordes. Deur op te voed vir voorbeeldige burgerskap, word die beginsels van eerbied tot ons owerhede en die indiwiduele en gemeenskaplik demokratiese vryheidsbeginsels in die jong burger gehandhaaf. Hierdeur word ook die onderwysvorme van opvoedingsreg en opvoedingsverpligting volgens die noodwendigheid van die opvoedingsidee deur verpligte onderwyswetgewing gerugsteun. Die provinsiale organisasie van die onderwys maak aparte voorsiening vir stedelike en plattelandse behoeftes, terwyl daar ook voorsiening bestaan vir tegniese opleiding deur middel van bepaalde inrigtings en voortsettingsklasse. Sy strukturele organisasie maak voorsiening vir laer onderwys tot en met std. V en sy middelbare onderwys verdeel sig in 'n drieledige sisteem van algemene universiteits-voorbereiding, tegniese bekwaming en landboukundige opleiding.

Deur te pleit vir lewenslange aanpassingspogings en nuttige gebruik van vrye tyd, waar gesonde leesstof en leesgewoontes 'n vername rol moet speel, asook deur voortsettingsklasse en humaniteit van werkgewers te verg in die behandeling van die werkers, hou sy sisteem rekening met opwaartse, afwaartse, sywaartse en aanvullende onderwys.

Hy glo verder aan gedurige werksaamheid om die eie sisteem en die leerkragte so te hervorm dat dit gedurig kontak hou met die publieke verlange en die eise van die tyd.

Om die uitvoering van die organisasie van die onderwyssisteem moontlik te maak, bestaan daar aan die hoof van die onderwys-sisteem 'n Departement van Onderwys met verskeie departemente wat deur plaaslike rade en komitees adviserend gedien word. Die toesig oor die onderwys self word deur 'n

veldpersoneel van onderwysinspekteurs behartig, terwyl die koste van die sisteem deur uniale bydrae en provinsiale belastings gedek word. 'n Uniale beursstelsel voorsien in die opvoeding van behoeftige, maar skrandere leerlinge, terwyl 'n algemene beleid van gesentraliseerde skole die aantal kleinere plattelandse skole inperk.

Die skole word hoofsaaklik van leerkragte voorsien wat hul opleiding aan die vier Provinsiale Normaalskole, met behulp van universitêre inrigtings, ontvang.